Upington

Die Grootrivier, oftewel die Gariep, oftewel die Oranje, vloei van die berge van Lesotho na die Atlantiese oseaan, en waar hy vloei, bloei die woestyn. Dis 'n oase, 'n smal streep groen in 'n grysrooi woestenny. Die water is kosbaar – soos die diamante wat daarmee saam na die see vloei. Upington, betreklik naby Namibië en Botswana en aan die rand van die Kalahari, is een van die grootste dorpe wat by die water van die Oranjerivier bestaan vind. Die dorp het ontstaan uit 'n sendingstasie wat in 1875 deur die Rynse sendeling eerw. Christiaan Wilhelm Heinrich Schröder gestig is. Hy was bedrywig by Annandelboom, nou Williston, toe Klaas Lucas, hoofman van die Korannas, hom gevra het om die mense van !Oanna te leer lees en skryf. Schröder het gegaan, en met die verlof van Klaas Pofadder in 1873 'n sendingstasie by Olyfenhoutsdrift gestig. Dit was die begin van Upington. In 1882 het 'n voormalige slaaf, Abraham September, 'n plaas bekom en dit uit die Oranje begin besproei – die begin van kanaalwerke by Upington. Upington het gegroei tot die hoofdorp van Gordonia, in 'n distrik wat genoem is na sir Gordon Sprigg, premier van die Kaap-provinsie van 1878 tot 1881. In 1885 is Olyfenhoutsdrift na Upington vernoem.

Upington? Dis genoem na nog 'n Kaapse premier, sir Thomas Upington, ook bekend as "The Afrikaner from Cork." Upington is in 1844 in Cork gebore en het aan Trinity College, Dublin, gestudeer. Hy het om gesondheidsredes na die Kaap gekom, waar hy in 1898 oorlede is. Hy was 'n regsgeleerde en het eers prokureur-generaal van die Kaap geword voordat hy in 1882 as eerste minister verkies is. Hy het 'n polisiestasie by die Drif gestig om die inwoners teen rivierrowers te beskerm. Die polisiestasie het deel van Upington geword. By Upington floreer wingerde en die dorp is bekend vir sy sultanas en rosyntjies, vrugteboorde en roostuine. Op die Eiland, byna in die middedorp, is 'n kilometer lange palmlaning. En dan stap jy die Kalahari-woestyn in ... Dis voorwaar 'n interessante habitat in 'n interessante habitat.

Hoërskool Duineveld

Skoolgeskiedenis

Die Hoërskool Duineveld is in Januarie 1964 as die Tegniese en Handelskool Upington gestig. In 1986 het die skool verdeel in die Tegniese Skool Upington en die Hoërskool Gordonia. Maar in 1991 het die twee skole weer saamgesmelt, die keer onder die naam Hoërskool Duineveld. Duineveld het bestendig gegroei tot 'n uitmuntende skool, wat leerlinge van so ver as 450km daarvandaan lok. Vandag het die skool 800 leerlinge, onder wie 350 koshuisgangers.

In 2007 het Duineveld die JJ Basson-trofee ontvang vir die Noord-Kaapse skool wat die beste op akademiese, sport- en kultuurvlak presteer.

HOËRSKOOL DUINEVELD
VOLHARD EN OORWIN

STIGTINGSDATUM: 1964
LEUSE: VOLHARD EN OORWIN
ADRES: H/V JAN DE KLERK EN RONDOMSTRAAT, UPINGTON, 8800
WWW.DUINEVELD.CO.ZA

FNB

Rugby by Duineveld

Duineveld het 'n besonder trotse rugbygeskiedenis. Elke jong Veltie droom oor die dag wanneer hy vir die Wittes, die skool se 1ste span, kan uitdraf. Die skool se ligging bied unieke uitdagings. Upington is sowat 400 km wes van Kimberley geleë, en om mededingende opponente te kry moet die spanne ver reis. Die belangrikste wedstryd van die jaar is egter teen die Hoërskool Upington. Die twee skole sê mekaar twee keer per jaar die stryd aan. Die eerste wedstryd is in die tweede kwartaal en staan as die Klein Interjol bekend. Die tweede en finale botsing is die Groot Interjol – 'n stryd om lewe en dood. Die eerste span speel op die Dries Potgieter-stadion, wat heet na 'n weldoener en ouer van Hoërskool Duineveld.

Twee Velties was by die Wêreldbekertoernooi van 2007: Kees Lensing, voorheen 'n Bull en nou 'n Shark, en Michael Mackenzie. Lensing het Namibië aangevoer. Nog twee Duineveld-oudleerlinge wat opgang maak, is Danie Dames, tans by die Natalse Wildebeeste en Harry van Dyk, wat vir Pukke speel en in die Luiperds se o.21 span was.

Internasionaal

Namibië
Kees Lensing
Michael McKenzie

"Een van my mees onvergeetlike wedstryde was die Groot Interjol in 1994 toe ek in std 8 vir die eerste keer vir die 1ste span gespeel het. Hulle was besig om die stadion waar ons gewoonlik speel, vir 'n moontlike Wêreld-bekeruitdunwedstryd in 1995 voor te berei. Dus moes ons by die militêre basis speel. Daar was 'n oponthoud voor die skoollied, en ek onthou dat ons haker en party van die ander weens opwinding tot trane gedryf is! Ons moes in die eerste helfte teen 'n vreeslike wind in speel. Maar teen halftyd was ons net 0-3 agter, en ons het besef dat ons 'n kans staan om Upington vir die eerste keer in sewe jaar te klop. Ons het die tweede helfte oorheers. Die wind het ons gehelp en moontlik sommer ook hul steun weggewaai! Die eindtelling was 10-3 in ons guns. Ons het hulle die volgende twee jaar dat ek 'n Witte was, ook geklop, maar daarna kon Duineveld hulle eers weer in 2007 ore aansit.

Ons benadering tot 'n 1ste span wedstryd op 'n Saterdag het effens verskil as dié op internasionale of Super 14-vlak. Ons het die dag afgeskop met 'n reuse-ontbyt van steak, wors, eiers en spek – die boeremanier. Daarna het ons die hokkie- en netbalspan, asook die 2de span gaan ondersteun, voordat ons wedstryd uiteindelik begin het."

— Kees Lensing (1994–96, Namibiese kaptein Wêreldbeker van 2007)

"As die interskole tussen Duineveld en Upington in 2008 vir die eerste keer oor die televisie uitgesaai word, sal dit baie vir die skool se bemarking beteken. Die mense sal dan kan sien watter groot derby dit is, en albei skole kan die standaard van hul rugby tentoonstel.

Kees Lensing het in o.14 sy knie gebreek, maar dit het nie sy geesdrif gesmoor nie. Hy het herstel, en reeds in std 8 vir die eerste span gespeel. In matriek was hy kaptein. Hy is 'n aggressiewe speler en 'n uitstekende leier. Dit verbaas my nie dat hy so ver gevorder het nie.."

— Piet Kruger (breier sedert 1980, eerstespanbreier vir 15 jaar)

"Die meeste van die seuns, veral dié uit Namibië en verder, is in die koshuis, en dit is altyd goed vir 'n skool se rugby. Daar is gewoonlik 'n voorseisoense toer na plekke soos Kaapstad, Oakdale en Magaliesberg. Toere met so 'n klomp seuns kan dalk hand-uit ruk, maar ons het onsself amper altyd gedra en goeie rugby gespeel. Die groot wedstryd is natuurlik teen die Hoërskool Upington. Dis 'n groot okkasie vir die hele dorp, en die tellings is gewoonlik naelskraaps. "

— Harry van Dyk (2002–03)